Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland
PO Box 300 674
Albany
Auckland
Klub tel. (09) 478 2291
E-pos: Die.Afrikaanse.Klub@clear.net.nz
Webblad: www.afrikaans.org.nz

27 Maart 2008

# Voorsitter se Jaarverslag – 2008-2009

## 1. Inleiding

Op 19 Maart 2008 is 'n nuwe Bestuurskomitee (BK) tydens Die Afrikaanse Klub van NS se Algemene Jaarvergadering vir die jaar 1 April 2008 tot 31 Maart 2009 verkies. Die lede was:-

**Voorsitter** – Philip Langenhoven
**Bestuurskomiteelid** – Martin Hefer
**Bestuurskomiteelid –** Fritz Swart
**Bestuurskomiteelid –** Alex van Dam
**Bestuurskomiteelid** – Andries van den Berg
**Bestuurskomiteelid (Bemarking & Skakelwerk)** – Philip Langenhoven
**Administrateur –** Thys Oosthuizen (Betaalde amptenaar)

'n Besonder goeie gesindheid het in die BK geheers en almal het baie goed saamgewerk. Die betreklik klein bestuurskern het goed gewerk om ons in staat te stel om sake per e-pos, telefoon en enkele vergaderings te oorweeg en besluite te neem.

Die BK het soos verlede jaar besluit om 'n sekere aantal kern-aktiwiteite aan te bied (die Klubdanse en KiwiKasie). Die BK het ook geleenthede benut om die Afrikaanssprekende se beeld en profiel in Nieu-Seeland hoog te hou en te verbeter. Die Klub se drie fokusareas, die Suider-Afrikaanse gesin, die kunste en uitreiking na die groter gemeenskap, is steeds nagestreef.

## 2. Administrasie

Ons sê dit elke jaar, maar die Klub se betaalde Administrateur, Thys Oosthuizen, vervul 'n onontbeerlike rol. Hy verrig noodsaaklike werk en sy rol brei steeds gaandeweg uit. 'n Wye verskeidenheid pligte word in die een pos saamgevat en die uiteinde is uitvoerende en administratiewe werk wat absoluut noukeurig uitgevoer word. Hy word vir 15 ure per week betaal.

Thys was weer vir die volgende aspekte van die Klub se werk verantwoordelik:-

- Lede-administrasie
- Elektroniese kommunikasie (korrespondensie met en raadgewing aan navraers)
- Samestelling van die Klub se weeklikse e-nuusbrief Brokkies (lees onder meer)
- Korrespondensie met adverteerders in Brokkies.
- Finansiële administrasie (advertensie-inkomste, ledegeld en inkomste van Klubprojekte)
- Projekondersteuning, soos die druk en verspreiding van danskaartjies, die bespreking van en betaling vir die saal vir danse en die verkryging van die dranklisensie
- Korrespondensie met ander SA-instansies in Nieu-Seeland wat ons uitnodiging aanvaar om ons KiwiKasie-kunstenaar te benut, en fasilitering van 'n landwye toer, asook met ons eweknie-organisasie in Australië, vir 'n soortgelyke doel)
- Sekretariële dienste

Samestelling van Brokkies behels bv. korrespondensie met adverteerders, beheer oor krediteure, samestelling van elke week se Brokkies-raamwerk (wat beteken die formulering of redigering van advertensies vir alle kategorieë), uitstuur van die finale Brokkies nadat die voltooide produk van die Redakteur ontvang is, ens.

Die finansiële werk behels dinge soos die betaal van rekeninge, administrasie van Klublede se lidmaatskapfooie, opstel van finansiële state vir Bestuurskomitee-vergaderings, skakeling met die boekhouer oor die ontwikkeling van die jaarstate vir die Algemene Jaarvergadering, notulehouding vir BK-vergaderings, ens. Hy doen ook lede-administrasie, bv. aansluitings, hernuwings, ens. Hy gebruik 'n rekenaar wat in 2007 deur die Klub aangekoop is om sy eie rekenaar te vervang wat vir die klub se werk gebruik is en gebreek het.

Die Redakteur van Brokkies bly egter verantwoordelik om Brokkies se Nuus en Klubnuus te skryf, nadat die Administrateur die raamwerk van advertensies vir die week aan hom deurgestuur het.

# 3. Klubprojekte

Klubprojekte is aangepak vanuit die Klub se gesinsfokus, kultuurtaak en die behoefte dat projekte bydra tot veral Afrikaanssprekendes se gevoel van geborgenheid, asook die verbetering van die Suid-Afrikaner se algemene beeld in Nieu-Seeland:

## 3.1 Klubdanse

Die Klub het in 2008-09 sy gebruiklike vier danse (sokkiejolle) aangebied: Die **HerfsDans** in April, die **WinterDans** in Junie, die **LenteDans** in Oktober en die **OujaarsDans** op 31 Desember.

Sowat 400 mense woon elke dans by (getalle word op 400 beperk). Jerry en Benita Loretz is tans gekontrakteer om ons musiek te verskaf. Hoewel ons poog om alle ouderdomsgroepe by die danse te betrek, vereis ons altyd 'n oorwig van Suid-Afrikaanse en Afrikaanse musiek.

Fritz Swart verrig steeds 'n reuse-taak met die organisering van die danse in die East Coast Bays Leisure Centre in Browns Bay, North Shore City. Met die ondersteuning van sy gesin, asook ander BK-lede soos Andries van den Berg (Meneer Beligting) en Martin Hefer en hul gesinne, is hoogs suksesvolle danse aangebied. Ons sê ook baie dankie aan Francois en Elsabe Esterhuizen wat – saam met hul kinders – telkens inspring en help met reëlings voor en na afloop van die danse, en ook aan Schalk en Verdette Bruwer wat uithelp – onder andere by die deur.

Ons gebruik wat in 2007 gevestig is om geen kaartjies by die deure te verkoop nie, werk steeds skitterend, want dit skep dringendheid by kopers en sekerheid vir ons beplanning. Weer eens baie dankie aan die verskillende takke van die SA Kaffee van Jaco Bosman (en deesdae Hennie en Retha Lombard van die Browns Bay-tak), asook vir Fred's Fine Foods van oom Fred Peens, vir die eindelose en geduldige verkoop van die kaartjies by hul winkels.

Die BK het die aankoop van 200 nuwe stoele vir die sentrum goedgekeur. (Lees meer onder 5.2)

## 3.2 Afrikaanse boeke vir Nieu-Seelandse biblioteke

### *3.2.1 Afrikaanse boeke in Auckland-biblioteek*

Die BK onderhandel tans met die bestuur van die East Coast Bays Library in Browns Bay om die Afrikaanse versameling wat daar op die rak is (deur die Klub geskenk), uit te brei met boeke ter waarde van tussen $2,000 en $3,000, wat opnuut deur die Klub geskenk sal word.

Die Klub het ook 'n versameling van CJ Langenhoven se 'Versamelde Werke' (16 boeke) by Suid-Afrikaners aangekoop wat dit in Brokkies wou adverteer, omdat die BK gevoel het dat dit 'n waardevolle Afrikaanse kultuurskat is wat bewaar moet word. Ons onderhandel tans met die biblioteek om dit ook in die Afrikaanse versameling, of by hul naslaanwerke, op te neem. Enige veranderings sal soos gewoonlik in Brokkies en op die Klub se webblad gepromoveer word.

### *3.2.2 Afrikaanse boeke in Christchurch-biblioteek*

Die Klub het op 26 Junie 2008 'n stel van sowat 100 nuwe Afrikaanse boeke aan die Christchurch Central Library geskenk, na bemiddeling deur Marietjie en Jaco Swart van Christchurch. Hierdie dinamiese egpaar funksioneer onafhanklik, maar hulle is goeie vriende van Die Afrikaanse Klub en ondersteun ons inisiatiewe op hul eie webblad wat 'Afrikaans in Christchurch' vier. Hulle het ook onder hul eie gemeenskap Afrikaanse boeke ingesamel.

Die Klub het tydens die openingsgeleentheid aangekondig dat ons ‘n verdere $2,000.00 sal bewillig om hul versameling te help uitbou vir die mense in en om Christchurch. Hierdie projek nader afhandeling.

### *3.2.3 Afrikaanse boeke in Whangarei-biblioteek*

Die Klub ondersteun tans ‘n derde projek om Afrikaanse boeke op ‘n biblioteekrak te kry. Maryke Botes van Whangarei het die inisiatief geneem en by die plaaslike openbare biblioteek toestemming gekry om ‘n rak met Afrikaanse boeke te begin. Die Klub het haar poging ondersteun deur ‘n veldtog in Brokkies te loods sodat mense goeie Afrikaanse boeke, wat nog in ‘n netjiese toestand is, vir die doel kan skenk. Die SA Kaffee in Browns Bay se nuwe eienaar, Retha Lombard, ondersteun die saak verder deur die boeke vir Maryke in ontvangs te neem.

## 3.3 KiwiKasie met Jannie Moolman & Annake ‘n reuse-sukses

Sedert 2001 bied Die Klub sy jaarlikse KiwiKasie aan. ‘n Afrikaanse sanger word vanuit Suid-Afrika na Nieu-Seeland gebring vir ‘n hoofkonsert in Auckland en ‘n toer wat so veel as moontlik ander dorpe en stede insluit. Thys Oosthuizen word afsonderlik gekontrakteer om alle organiseringswerk aan hierdie veeleisende Klubprojek te verrig – werk wat maande duur.

Gedurende Oktober het die Klub vir Jannie Moolman en sy violisvrou, Annake de Villiers na Nieu-Seeland gebring vir die KiwiKasie-vertoning in Auckland (sowat 800 mense het dit bygewoon) en optredes in Wellington, Hamilton en vir die eerste keer op Wanganui. André en Martie van Schalkwyk van die Whanganui River Top Ten Holiday Park het vir die eerste keer so iets aangepak.

In Wellington en Hamilton het die Klub weer met die Afrikaanse Christen Kerke saamgewerk en die sangers tot hul beskikking gestel. Hierdie kunstenaars was ‘n wenner en slegs positiewe terugvoering is ontvang.

Die Klub het sy gebruik voortgesit om tydens die hoofkonsert in Auckland van ons plaaslike talent in die voorprogram te betrek. So het Umoya-vrouesanggroep, Andries van den Berg en Yolandi Botha, Auckland City Dukes (Klopse) en Dewald en Vriende in die voorprogram opgetree.

Baie dankie weer eens aan ons **Ankerborg**, SAFE, ons **Hoofborge** Fritz Swart versekeringsdienste, SA Kaffee en AI Financial Services, asook ons **Steunborge**: Pit Stop (Browns Bay), Stationery World en Charis Recruitment. Sonder julle sou dit nie kon gebeur nie.

# 4. Uitreikwerk

## 4.1 Ondersteuning van verskeie sake en organisasies

- **Ondersteuning van die Rainbow Support Group**
  Die Klub het verkeie male inisiatiewe van hierdie mede-SA groep in Brokkies gepromoveer, of hulle ondersteun toe hulle hulp versoek het vir SAners in nood.

- **Ondersteuning van ‘Authentic Youth Dialogue’**
  Die Klub het vir die tweede jaar hierdie inisiatief se werk gepromoveer. Hulle bring jongmense vanuit verskillende kulture bymekaar vir ‘n naweek van verkenning en spanwerk. Ons het Suid-Afrikaners aangemoedig om deel te neem.

- **Ondersteuning van die Doulos-skip se besoek aan NS**
  Die Klub het met hul organiseerders saamgewerk en ‘n bemarkingsveldtog uitgewerk waarin Brokkies ‘n groot rol gespeel het.

- **Ondersteuning van wyle Anita Lategan - kankergeval**
  Die Klub het meer as twee jaar gelede begin om Anita Lategan te ondersteun. Sy het terminale kanker gehad en kon weens tegniese redes nie op staatskoste behandel word nie. Sy is maande gegee om te leef, maar die Klub het saam met SANZ probeer haar tyd saam met haar gesin maksimaal te verleng, en ‘n fondsinsameling bedryf. Dit het gesamentlik sowat $45,000 vir mediese behandeling

opgelewer en sy het sowat twee jaar langer geleef. Anita is in Oktober 2008 oorlede. Alex van Dam en Thys Oosthuizen het haar begrafnis namens die Klub bygewoon.

- **Ondersteuning: 'OPSKOP 2'-dans van Dewald en Frikkie**
  Die Klub het Dewald Kritzinger en Frikkie Senekal se Afrikaanse dans, OPSKOP 2, in Augustus ondersteun. Ons bydrae het bemarking van hul dans behels en die aand was 'n groot sukses. Dankie aan Dewald vir ons goeie wedersydse verhouding, veral waar dit die verspreiding van dansdatums raak om mekaar se projekte ruimte te gee.

# 5 Bemarking & Skakelwerk

5.1 Die Skakelbeampte se aktiwiteite deur die jaar behels sake soos:

- Deelname aan 'n Huisgenoot-onderhoud vir 'n artikel oor die Afrikaanse gemeenskap in Nieu-Seeland.
- Verskaffing van inligting oor die Klub aan 'n nuwe webblad wat kontakbesonderhede vir SAners in Nieu-Seeland aanbied.
- Die reël van 'n Afrikaanse gesin wat op versoek van die North Shore Times kon deelneem aan 'n onderhoud oor hul storie as immigrante, en al hul aanpassings.
- Skakeling met die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl, Suid-Afrika. Inligting oor die Klub is aan hulle gegee om in hul nuusbriewe te gebruik. Daar is ook ooreengekom dat hulle te enige tyd bruikbare items uit Brokkies mag herpubliseer.
- Die skryf van 'n brief namens die Klub en Afrikaanssprekers aan die North Shore Times, in reaksie op 'n lelike brief oor Afrikaners, op 23 Januarie, deur 'n Karen Vince. Die konsep-brief is eers aan ons vriende, SANZ en Rainbow Support Group voorgelê vir insae, aangesien hulle ook in die Klub se antwoord vermeld word.
- 'n Brief aan 'n Kiwi wat die Klub se hulp versoek het om 'n Suid-Afrikaner wat na bewering by allerlei onwettighede en onderduimshede betrokke is, uit die land te help sit. Daar is verduidelik dat ons nie by immigrasiesake betrokke raak nie en dat ons nie 'n drukgroep is nie, maar hy is na iemand verwys wat dalk kan help.

5.2 Die BK het 'n voorstel deur Fritz Swart goedgekeur om sowat 200 plastiekstoele (ter waarde van ong. $2,300.00) aan te koop en aan die East Coast Bays Leisure Centre te skenk. Die doel is om die groot tekort aan stoele tydens dansfunksies aan te spreek. Die stoele is ook tot beskikking van die sentrum se ander gebruikers gestel. 'n Plakker agter op sal die Klub se skenking aan die East Coast Bays-gemeenskap aandui.

5.3 Die Skakelbeampte het die Klub se bemarkingspamflet sy jaarlikse hersiening gegee en nuwe voorraad is deur Thys Oosthuizen laat druk. Hy het dit oudergewoonte by die afsetpunte versprei waar ons gewoonlik ons projekkaartjies verkoop, naamlik die SA Kaffees en Fred's Fine Foods. Baie dankie aan hierdie besighede wat toelaat dat die pamflette op hul toonbanke geplaas word, asook vir die verwysings wat hul werknemers in belang van die Klub doen wanneer nuwelinge in die land daar aankom. 'n Korter Engelse weergawe van die pamflet is ook op aanvraag beskikbaar.

# 6. Klubdienste

## 6.1 E-nuusbrief: 'Brokkies'

6.1.1 Brokkies se adreslys hou aan groei en staan op meer as 2,400 ingetekende gesinne. Betalende adverteerders neem ook steeds toe. Die BK probeer verseker dat die advertensie-inkomste voldoende is om ten minste die Klub se loonverpligtinge na te kom.

6.1.2 Brokkies dra baie tot die Klub se positiewe beeld by en het tot 'n formidabele kontakmedium vir SA-immigrante in NS ontwikkel. Al meer mense buite Auckland teken daarop in, en 'n groeiende aantal mense buite Auckland stuur nuuswenke in.

## 6.2 Webblad

6.2.1 Die jaar se webblad-statistiek is weer nagevors danksy 'n gratis moniteringsdiens wat ons Webmeester, Mara-Marie Joubert, op die webblad geplaas het. 'n Paar hoogtepunte:

**Totale webbesoeke:**

| 2008-09 | 2007-08 | 2006-07 | 2005-06 | 2004-05 |
|---|---|---|---|---|
| 15,860 | 14,549 | 14,141 | 12,330 | 11,074 |

**Totale bladsye besoek:**

| 2008-09 | 2007-08 | 2006-07 | 2005-06 | 2004-05 |
|---|---|---|---|---|
| 49,254 | 46,111 | 46,940 | 40,783 | 33,921 |

6.2.2 Dinge loop klopdisselboom nadat die Klub se webblad by Maxnet weggeneem en na Jaco Swart se 'Easy Websites' as webgasheer oorgeplaas is. Dit is baie goedkoper en hy gee baie meer webspasie daarvoor.

6.2.3 Ons het tans 3 roterende advertensies op die webblad.

6.2.4 Daar word nog gewerk aan die beplande verandering van die tuisblad en skakelstruktuur.

## 6.3 Inligting aan voornemende immigrante

Baie voornemende immigrante word gehelp met inligting deur goedgekose skakels op die Klub se webblad, asook deur skakeling met navraers aan die Klub per e-pos. Die Administrateur het gedurende die jaar 'n stelselmatige vermeerdering in die aantal navrae van veral Suid-Afrikaners bemerk, namate al meer mense dit skynbaar oorweeg om te emigreer.

# 7. Lidmaatskap

Die Klub se grondwet skryf jaarlikse lidmaatskaphernuwings voor. Dit is belangrik dat mense hulself bewustelik met hul lidmaatskap aan die Klub en sy saak verbind en dit jaarliks hernu. Formele lidmaatskap definieer die Klub se bona fide teikengroep en verteenwoordig die primêre rede waarom so 'n klub bestaan. Lidmaatskap moet egter heelwat uitgebrei word.

Kontantafslag word namens lede by sekere besighede beding, wat verdere waarde tot hul lidmaatskapkaart voeg. Dit word jaarliks van nuuts af aangespreek.

# 8. Strategiese Verhoudinge

## 8.1. Multi-Cultural Society

Die Afrikaanse Klub is na jare steeds by hierdie multi-kulturele liggaam van Auckland geaffilieer. Lede van die BK en hul gades het die Society se jaarlikse Mid-Winter Dinner gedurende Julie 2008 bygewoon en mense van ander kulture ontmoet.

## 8.2 SANZ

Die Skakelbeampte behou namens die BK 'n goeie verhouding met die **South Africans in New Zealand Charitable Trust (SANZ)** en skakel sporadies met hul voorsitter, Brian Casey en ander.

## 8.3 Rainbow Nation Support Group

Die Skakelbeampte behou namens die BK 'n goeie verhouding met die derde SA-klub in Auckland, die **Rainbow Support Group**.

## 8.4 SA Ere-Konsuls in Nieu-Seeland

8.4.1 Kontak is behou met die Suid-Afrikaanse Ere-Konsul in Nieu-Seeland, mnr Gregory Fortuin en die Suid-Afrikaanse Ere-Konsul in Auckland, mnr. Jock Irvine.

8.4.2 Die Voorsitter en sy gade is deur mnr. Jerry Matjila, Adjunk Direkteur-Generaal van Suid-Afrika se Dept. Buitelandse Sake (via mnr. Fortuin) uitgenooi om op 11 Maart ‘n aandete in Wellington by te woon. Die doel was om mnr Matjila (slegs op besoek) en die drie persone van Suid-Afrika wat tans die eerste Suid-Afrikaanse Hoë Kommissariaat in Wellington vestig aan ons voor te stel, maar ook om met ons Klub (as belangrike skakel met ons immigrantegemeenskap) kontak te maak.

8.4.3 Tydens ‘n ander geleentheid het die Klub deur Brokkies gehelp om - op mnr Gregory Fortuin se versoek - na die eienaars van 5 verlore SA-paspoorte te soek. Almal is gevind!

8.4.4 Die Klub het via Brokkies ondersteuning aan mnr Fortuin aangebied nadat sy huis in Porirua afgebrand het. Hy het die gebaar baie waardeer.

## 9. Slot

Ek bedank 2008-2009 se Bestuurskomiteelede, Administrateur en Webmeester vir nog ‘n jaar van wonderlike spanwerk. Ek bedank ook al ons medewerkers, adverteerders, borge, lede en ander ondersteuners vir hul samewerking en onbaatsugtige gemeenskapswerk.

Ek wens ook die nuwe Voorsitter en Bestuurskomitee ‘n heerlike, kultuurryke jaar toe - ook elke Klublid en ander persoon wat met ons ‘n belang deel.

Ek wil graag ook hiermee erkenning gee aan en dank betuig teenoor ons Almagtige en Drie-enige Skepper-God, by wie ons ons talente en energie ontvang het om hierdie dinge te doen.

***Philip Langenhoven***
***Voorsitter (27 Maart 2009)***